# Die

# DRIE-EENHEID

DEUR DOUG BATCHELOR

Kopiereg © 2003 deur
Doug Batchelor

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# DIE DRIE-EENHEID:

## IS DIT BYBELS?

Deur Doug Batchelor


1. DIE MEES VERHEWE ONDERWERP ………………
2. EEN GROOT PROBLEEM ……………………………..
3. SLEGS JESUS? ……………………………………………
4. IS JESUS TEN VOLLE GOD? …………………………….
5. SY VYANDE HET GEWEET ………………………………
6. MIDDELEEUSE FOUT?…………………………………….
7. EEN GOD, DRIE PERSONE …………………………….
8. EENHEID OF HOEVEELHEID? ……………………….
9. GOD GEOPENBAAR IN DIE NATUUR ……………….
10. DIE BRON VAN MISVERSTAND ……………………..
11. WIE IS HOËR AS DIE ANDER? ……………………….
12. ‘N VRIEND OF MAG? ……………………………………
13. LIEFDE BY GOLGOTA …………………………………
14. ‘N SKEURING IN DIE DRIE-EENHEID ………………
15. TEN SLOTTE …………………………………………….

**‘n Verbasende Feit:** *Wetenskap bevestig vir ons dat lig uit drie hoofstrale, of groepe golflengtes, bestaan. Duidelik onderskeibaar van mekaar, kan geeneen sonder die ander lig wees nie. Elke straal het sy eie aparte funksie. Die eerste een bring voort, die tweede verlig, en die derde vervolmaak. Die eerste straal, dikwels die onsigbare lig genoem, word nie gesien of gevoel nie. Die tweede word beide gesien en gevoel. Die derde word nie gesien nie, maar word as hitte gevoel.*

*Net soos lig, word ons “Een God” geopenbaar in die drie onderskeie persone van die Vader, Seun en Heilige Gees. “Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Johannes 5:7).*

---

## 1 DIE MEES VERHEWE ONDERWERP

Min leerstellige onderwerpe het meer vurige bespreking onder Christene veroorsaak as die tema van die drie-eenheid. Kerke is verdeel en selfs oorloë is gevoer oor die kwessies aangaande die aard van die Godheid.

Verwarring oor die aard van God is nie nuut nie. Sedert die skepping streef die mens ywerig daarna om Hom te verstaan en te verduidelik. In die boek van Job het Sofar die versugting van elke menslike hart geuiter toe hy verklaar het, “Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige? Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen? Dieper as die doderyk – wat kan jy weet?” (Job 11:7,8).

John Wesley voeg by, “Bring vir my ‘n wurm wat ‘n mens kan verstaan, dan sal ek u ‘n man wys wat die drie-enige God kan verstaan!”

Die studie van God is sonder weerga – die mees verhewe onderwerp wat enige mens ooit kan probeer om te benader of bepeins. Aangesien God Homself beskryf as ewig en die toppunt van krag, teenwoordigheid, en wysheid, is hierdie studieveld dieper, wyer en breër as enige ander.

"Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes." (Jesaja 55:9). Beperkte menslike verstande sal nooit alles oor die ewige God ten volle kan verstaan nie net soos wat ons nie met ons swak bene na die sterre kan spring nie. Ons moet dus hierdie verborgenheid wat Sy persoon omvou, benader met 'n oormaat kaalvoet eerbied en diepe nederigheid. Net soos Moses, toe hy in God se teenwoordigheid gekom het, moet ons ons skoene uittrek, "want die plek waarop jy staan, is heilige grond" (Exodus 3:5). Deur ons vooropgestelde idees, opinies en sektariese opleiding eenkant te plaas, kan ons direk na God se Woord gaan en leer wat Hy gekies het om oor Homself te openbaar. Onthou egter dat slegs God, God ten volle kan verstaan, en daarom sal ons selfs na die mees intensiewe navorsing nog steeds onbeantwoorde vrae hê wat 'n vrugbare veld van studie selfs deur die onmeetlike ewigheid sal wees.

## 2 EEN GROOT PROBLEEM

"Maar wag," sê iemand. "As die Bybel leer dat daar slegs een God is, hoe kan God dan uit drie persone bestaan?" Die Skrifte verklaar ondubbelsinnig dat daar slegs een God is. Vir meer as 3,000 jaar het Jode Deuteronómium 6:4 herhaal. "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here." Hierdie heilige gedeelte word die *shema* genoem (genoem na die eerste Hebreeuse woord) en is vir eeue hoog geag deur toegewyde Jode en gememoriseer.

Jesaja vermeld die getuienis van God aangaande Homself. “So sê die Here, die Koning van Israel en sy Losser, die Here van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie. … Is daar ‘n God buiten My? Ja, daar is geen rotssteen nie; Ek ken geeneen nie.” (Jesaja 44:6,8). Jesus het ook geleer van “die enige waaragtige God” (Johannes 17:3) en Paulus het geskryf, “Want daar is een God” (1 Timotheus 2:5).

Terwyl die meeste gelowiges met hierdie kernwaarheid saamstem, het ‘n heftige debat oor die dieper implikasies daarvan dwarsdeur die kerkgeskiedenis gewoed. Beteken dit dat daar een persoon is wat drie verskillende titels het? Of is daar drie aparte persone wat geheimsinnig inmekaarvloei tot een wese? Is Jesus slegs ‘n goeie man, ‘n skepsel om ons te verlos, en is slegs die Vader God? Andere glo dat die Vader en Seun inderdaad God is, maar dat die Heilige Gees slegs die onpersoonlike mag is wat hulle bevele uitvoer. Elkeen van hierdie teenstrydige idees het sy lojale volgelinge getrek. Laat ons die grondslag vir hierdie sienswyses ondersoek en hulle met die Bybel vergelyk.

## 3 SLEGS JESUS?

In die 3de eeu, het Sabellius, ‘n Libiese priester wat in Rome gewoon het, geleer dat God ‘n enkel persoon is met verskillende titels – bekend as *modalisme.* Dus verteenwoordig die Vader, die Seun, en die Heilige Gees verskillende titels wat God gebruik, afhangende van hoe Hy op ‘n spesifieke tyd met die mens wil kommunikeer. Dit is verwant aan water wat die vorm van ‘n vaste stof, vloeistof of gas kan aanneem.

Hulle is egter nie drie rolle wat deur een persoon vertolk word nie. Die kerk het Sabellius se idees as teenstrydig met die

Bybelse leerstelling erken, en hy was vinnig verban. Hy het egter nog steeds vandag aanhangers wat oor die algemeen bekend is as die “Eenheid” of “Slegs Jesus” leerstelling. Die Slegs Jesus lering maak daarop aanspraak dat Jesus Christus nie slegs die Seun is nie, maar ook die Vader en die Heilige Gees. Jesaja 9:6, waarin die Messias (of die beloofde Seun) “Ewige Vader” genoem word, word gebruik om bybelse ondersteuning vir hierdie opvatting te voorsien.

Die Eenheid leerstelling ignoreer egter die feit dat die Seun na die aarde gekom het om die ware karakter van God die Vader te openbaar aan ‘n wêreld wat in geestelike duisternis rondtas. Jesus het in Getsemané tot Sy Vader gebid, “En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.” (Johannes 17:5,6). Jesus is die enigste een wat die Vader kon openbaar, omdat Hy die ewebeeld van die Vader is (Lukas 10:22; Hebreërs 1:3).

Toe die dissipels dus vir Jesus gevra het hoe die Vader is, kon Hy sê, “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.” (Johannes 14:9). Jesus het die karakter van die Vader so weerspieël dat Hy Hom volmaak gereflekteer het, en daarom die titel “Ewige Vader.” ‘n Ander rede waarom Jesus Ewige Vader genoem word, is omdat hierdie wêreld en alles daarop deur Christus geskape is. In werklikheid is Jesus dus eintlik ook ons vader (Hebreërs 1:2; Johannes 1:3).

Jesaja 9:6 is die enigste plek in die Bybel waar Jesus die Vader genoem word. Hou in gedagte dat Jesus Homself ook die Seun van die mens, ons broer, ons herder, ons vriend, en ons priester genoem het. Om ‘n leerstelling op een Skrifgedeelte te bou, is net so dwaas as om ‘n huis bo-op ‘n enkel paal te bou. Die Bybel skei herhaaldelik die Vader en die Seun fisies. Terwyl Christus op die aarde was, het Hy na Sy Vader in die hemel verwys. “My

Vader wat in die hemele is" (Mattheus 10:32). Hy het altyd Sy gebede hemelwaarts gerig na die Vader en het gesê dat die Vader Sy eie individuele wil het; "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Lukas 22:42). "Vader, in u hande gee Ek my gees oor" (Lukas 23:46). En toe nadat Hy gesterf en weer opgestaan het, het Hy opgevaar na "die regterhand van God" (Romeine 8:34). Dit dui aan dat die Vader 'n aparte teenwoordigheid het.

Jesus het inderdaad meer as 80 keer gesê dat Hy nie die Vader is nie. Terwyl hulle altyd een bly in doel en oorsprong, is Jesus en die Vader duidelik aparte en spesifieke persone. En op meer as een geleentheid het die Vader uit die hemel tot Jesus gespreek. "En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (Mattheus 3:17). Óf Jesus en die Vader is twee aparte individuele persone, óf Jesus was 'n puik buikspreker.

## 4 IS JESUS TEN VOLLE GOD?

'n Ander groep bevraagteken of Jesus werklik al die karaktertrekke van die Ewige God besit. Hulle spruit voort uit die mening van Arius, 'n 4de eeuse Alexanderse priester, wat 'n verskillende siening van God gehad het. Hy het geleer dat voordat God enigiets anders gemaak het, Hy 'n seun geskape het wat nie gelykstaande, of mede-ewig met die Vader bestaan nie. Volgens hierdie idee wat *Arianisme* genoem word, is Jesus Christus 'n bonatuurlike wese, maar Hy is nie ten volle menslik of ten volle goddelik nie. Nog andere aanvaar 'n meer onvolwasse vorm van hierdie leerstelling, en voer aan dat in die begin van tyd, God die Vader een of ander soort kosmiese intieme verhouding met die Heilige Gees gehad het en dat Jesus die produk daarvan was. Hulle voer aan, "Hoe anders kan julle Hom die Seun

noem?"

Hierdie konsepte is egter totaal in teenstelling met die lering van die Nuwe Testament waarin Jesus as die Ewige Skepper openbaar word en nie as 'n geskape wese nie (Johannes 1:1-4). Soos wat ons Skriftuurlike definisies vir God met die Bybelse rekord van Jesus vergelyk, sien ons dat die karaktertrekke van Jehova ook aan Jesus toegeskryf word. Verwys na die volgende kragtige voorbeelde:

- Hy is self-bestaande (Johannes 1:1-4; 14:6); slegs God is self-bestaande (Psalm 90:2).
- Jesus beskryf Homself as ewig. "Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." (Openbaring 1:8).
- Hy is, en het, ewige lewe (1 Johannes 5:11,12,20).
- Hy is almagtig (Openbaring 1:8).
- Hy het alle dinge geskape (Johannes 1:3). "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Genesis 1;1). "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (Kolossense 1:16).
- Selfs die Vader noem Jesus God. "maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer" (Hebreërs 1:8).
- Jesus kan sonde vergewe (Lukas 5:20,21); Die Bybel sê dat slegs God sonde kan vergewe (Jesaja 43:25).
- Jesus het aanbidding aanvaar wat volgens die Tien Gebooie slegs gereserveer is vir die Almagtige (Mattheus 14:33). "En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom." (Mattheus

28:9). Toe hy die herrese Verlosser gesien het, het die bekeerde skeptikus, Thomas, bely, “My Here en my God!” (Johannes 20:26-29).

- Selfs die engele aanbid Jesus. “En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.” (Hebreërs 1:6).
- Die Skrifte leer ook dat slegs God die gedagtes van ‘n mens se hart ken (1 Konings 8:39). Jesus het egter voortdurend geweet wat mense gedink het, “want Hyself het geweet wat in die mens is” (Johannes 2:25). “Nataniël sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.” (Johannes 1:48).
- Deur die Gees is Jesus alomteenwoordig. “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Mattheus 28;20). “Want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.” (Handelinge 18:10).
- Hy het krag om lewe te gee, en het selfs Homself opgewek. “Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê Ek het mag om dit weer te neem.” (Johannes 10;18). “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe” (Johannes 11:25).

Daarom, deur die primêre definisies van God te oorweeg, en te sien dat elkeen van daardie definisies van toepassing is op Jesus, moet Jesus dus ewig God wees.

## 5 SY VYANDE HET GEWEET

Selfs Jesus se vyande het Sy aanspraak van gelykheid met die Vader God verstaan en erken. Toe Hy met vrymoedigheid

verklaar het, “Ek en My Vader is een,” was Joodse leiers woedend en het gesoek om Hom dood te maak.  Hulle het duidelik verstaan dat Jesus daarop aanspraak gemaak het dat Hy self God is.  “Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor ‘n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat ‘n mens is, Uself God maak”  (Johannes 10:30,33).

Die Jode het selfs probeer om Christus te stenig toe Hy die self-bestaande titel van Jehova aangeneem het wat by die brandende bos gebruik was.  Jesus het vir hulle gesê, “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.  Hulle het toe klippe opgetel om Hom te stenig; maar Jesus het stilletjies uit die tempel gegaan en tussen hulle deurgeloop; en so het Hy vertrek.” (Johannes 8:58).

Die Jode het verstaan dat Jesus aanspraak gemaak het op gelykheid met God toe Hy gesê het “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.  Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, … maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het.”  (Johannes 5:17,18).

Daar is slegs drie gevolgtrekkings waartoe ons kan kom wanneer hierdie gedeeltes gelees word.  Eerstens, Jesus was kranksinnig toe Hy hierdie buitensporige aansprake gemaak het. Tweedens, Hy was ‘n leuenaar.  Hierdie is onaanvaarbare opsies. Die derde moontlikheid is dat Hy ‘n goddelike waarheid geuiter het.  Vir ‘n Christen wat die plaasvervangende dood van Christus op die kruis aanvaar, is die derde opsie die enigste verdedigbare een.  ‘n Leuenaar of waansinnige persoon kon nie regverdig genoeg gewees het om ons Verlosser te wees nie.

## 6 MIDDELEEUSE FOUT?

Waarskynlik is die mees aanvaarde Christelike sienswyse van God die een bekend as die “drie-eenheid.”  Hierdie populêre

geloofsoortuiging leer dat die Godheid saamgestel is uit drie spesifieke persone wat van ewigheid af saam bestaan en wat genoem word die Vader, die Seun (Jesus Christus), en die Heilige Gees. Elkeen besit oorspronklike, onontleende, en onoorgeneemde lewe. Hulle is gelyk God en is een in aard, karakter, en doel. Hulle is nie drie "gode" nie, maar een God in 'n kombinasie van die drie spesifieke persone.

Sommige het Drie-eenheidsleer as kettery afgemaak omdat hulle daarop aanspraak gemaak het dat die afgedwaalde middeleeuse kerk die eerste skuldige was om dit bekend te maak. Om hulle te distansieer van die Katolieke weergawe van die drie-eenheid, het baie Protestantse leiers van die 19de eeu die meer bybelse uitdrukking "Godheid" verkies wanneer hulle na die drie-enige God verwys het.

Net omdat 'n afvallige kerk egter in die drie-eenheid, of enige ander leerstelling glo, maak dit nie vanselfsprekend onbybels nie. Die teenoorgestelde is egter ook waar. 'n Standpunt is nie akkuraat net omdat sommige van die vroeë kerkleiers dit verkondig het nie. Selfs die Apostels het die aard van Jesus se eerste koms misverstaan. Leerstellige geldigheid moet op bybelse gesag gegrond wees en nie op wie dit verkondig of verwerp nie.

Die Ou Testament was geskryf lank voor die bestaan van die Christelike kerk, afvallig of waar, en dit leer dat daar drie persone in die Godheid is. In Jesaja, verklaar die Verlosser, wat Jesus Christus in die Nuwe Testament is (Galasiërs 4:4,5), dat die "Here met sy Gees" verantwoordelik is om Hom op Sy sending van verlossing te stuur (Jesaja 48:16,17).

Sommige dink dat omdat die woord "drie-eenheid" (wat afgelei is van die Latynse woord *trinitas*, wat beteken "drie-heid") nie in die Bybel gevind word nie, die konsep van 'n drie-enige God nie reg kan wees nie. Selfs al verskyn die woord

“millennium” wat eenduisend jaar beteken nie in Openbaring 20 nie, gebruik ons dit om die aarde se 1,000 jaar rusperiode na Jesus se wederkoms te beskryf. ‘n Leerstelling is nie minder waar slegs omdat ‘n nie-bybelse woord gebruik word om te beskryf wat duidelik ‘n bybelse leerstelling is nie. Dit is van toepassing op die drie-eenheid, wederkoms, ondersoekende oordeel, en ‘n menigte ander bondige uitdrukkings vir leerstellings.

## 7 EEN GOD, DRIE PERSONE

Die name van God openbaar eienskappe van Sy aard. God het ‘n lank-ingestelde gewoonte om verskeie name te gebruik om ‘n persoon se karakter te beskryf. Jakob het sy naam wat “bedrieër” beteken, verdien toe hy bedrog gepleeg het om sy vader se seën van sy broer Esau te steel (Genesis 27:35,36). Met sy bekering, het Jakob met die engel gestoei en aangedring op die seën van God. Toe is sy naam na “Israel” verander wat “’n prins met God” beteken (Genesis 32:26-28).

Op dieselfde manier vertel die name wat ons in Genesis en op ander plekke vir God vind ons boekdele oor ons Skepper. “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (Genesis 1:26). Die Hebreeuse woord hier vir God is Elohim. Dit is ‘n meervoudige selfstandige naamwoord wat meer as 2,700 keer in die Ou Testament gebruik word. Dit beteken dat geïnspireerde skrywers verkies het om Elohim ongeveer 10 keer meer te gebruik as die enkelvoudige vorm “El” wanneer hulle God beskryf het. Selfs in die Ou Testamentiese boek van Daniël, word die Vader en die Seun as twee aparte persone uitgebeeld. “Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader

gebring voor Hom." (Daniël 7:13). Die Seun van die Mens, Jesus, word gesien waar Hy voor die Oue van Dae kom – wat ooglopend God die Vader is.

Die Nuwe Testamentiese geskrifte is deurtrek met hierdie konsep van een God met drie verenigde, ten volle goddelike persone. Die apostel Paulus het geskryf dat daar drie goddelike persone was: "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is." (Efesiërs 4:4-6).

Paulus het dikwels verwys na die drie aparte persone van die Godheid. "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!" (2 Korinthiërs 13:13). "Hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien." (Hebreërs 9:14).

Openbaring begin deur die drie persone van die Godheid voor te stel. "Van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" (Openbaring 1:4-6).

Verder sien ons duidelik drie afsonderlike persone by die doop van Jesus. "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (Mattheus 3:16,17).

Indien Jesus die enigste persoon in die Godheid is, waar het

die stem vandaan gekom wat verklaar het, “Dit is my geliefde Seun”? Het Hy Homself in drie verdeel in ‘n stem uit die hemel, die duif wat uit die lug neergedaal het, en Sy liggaam op die wal van die rivier? Nee. Dit was nie slegs ‘n slim daad van heilige rook en spieëls nie, maar eerder ‘n koninklike hereniging wat die waarheid van die drie-eenheid openbaar het. En bo en behalwe dit alles is dit deur die gedeelde gesag van hierdie drie persone wat ons beveel word om te doop. “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” (Mattheus 28:19).

## 8 EENHEID OF HOEVEELHEID?

Die meeste van die verwarring oor die aantal wesens wat die Godheid uitmaak, spruit voort uit ‘n eenvoudige misverstand van die woord “een”. Eenvoudig gestel, “een” in die Bybel beteken nie altyd numeriese hoeveelheid nie. Afhangende van die Skriftuur, kan “een” dikwels eenheid beteken.

Ons vind hierdie beginsel alreeds in die begin van die Skrifte ingestel. “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal *een* vlees wees.” (Genesis 2:24, beklemtoning bygevoeg.) “Een vlees” hier beteken nie dat ‘n getroude paartjie in een mens saamsmelt na hulle troue nie, maar eerder dat hulle as een gesin verenig moet word. Jesus het gebid dat die apostels een moes wees deur te sê, “En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees” (Johannes 17:22,23).

Ons moet in gedagte hou dat toe Moses gesê het, “Die Here is een,” Israel omring was met politeïstiese nasies wat *baie gode* aanbid het en wat gedurig betrokke was in nietige getwis en wedywering (Deuteronomium 6:4), terwyl die God wat geskep het,

uit drie aparte wesens bestaan wat volmaak verenig is in hulle doel om hulle skepsels te red en te onderhou. Terwyl die Gees die wil van beide die Vader en die Seun uitvoer, is dit ook Sy wil.

“Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Johannes 5:7). Daar kan toegegee word dat dit ‘n breinoefening is om te begryp dat een God (“Hy”) ook gelyktydig “Hulle” is. Net soos een tou met drie stringe, maak die drie persone, naamlik die Vader, Seun en Gees, die een God.

## 9 GOD GEOPENBAAR IN DIE NATUUR

Alhoewel daar niks in hierdie wêreld is wat God voldoende illustreer nie, verklaar Paulus dat “sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af” ons help om “sy ewige krag en goddelikheid” te verstaan (Romeine 1:20). Die waarheid dat God ‘n “drie-eenheid” van twee onsigbare persone (Vader en Gees) en een sigbare persoon (Jesus) is, is selfs in die skepping duidelik.

Die heelal bestaan uit drie samestellings: ruimte, materie en tyd. Van hierdie drie is slegs materie sigbaar. Ruimte het lengte, hoogte en wydte nodig om ruimte te wees. Elke afmeting is apart en duidelik op sigself, tog vorm die drie ruimte – indien u hoogte verwyder, sal u nie langer ruimte hê nie. Tyd is ook ‘n drie-eenheid van verlede, hede en toekoms. Twee is onsigbaar (verlede en toekoms), en een is sigbaar (hede). Elkeen is apart en duidelik, asook noodsaaklik vir tyd om te bestaan. Die mens is ook ‘n “drie-eenheid,” wat fisiese, verstandelike en geestelike komponente bevat. Weer eens is twee onsigbaar (verstandelik en geestelik) en een sigbaar (fisies). Selle vorm die fundamentele struktuurlike eenheid van alle lewende organismes. Alle organiese lewe bestaan uit selle saamgestel uit drie hoofdele: die buitewand, die selplasma, en die selkern (soos die dop, wit en

geel van ‘n eier). Indien enigeen verwyder word, sterf die sel.

In elkeen van hierdie voorbeelde, veroorsaak die verwydering van enigeen van die komponente die afsterwe van die geheel. Op dieselfde manier bestaan die Godheid uit drie spesifieke persone: Vader, Seun en Heilige Gees. Elkeen is God (Efesiërs 4:6; Titus 2:13; Handelinge 5:3,4), nogtans is daar een God. Die verwydering van een persoon vernietig die eenheid van die geheel.

Selfs die evangelieverhaal illustreer die mede-afhanklikheid van drieë. Die heiligdom het drie afdelings gehad: die Voorhof, die Heilige Plek, en die Allerheiligste Plek. Daar is drie stadiums van verlossing: regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking. In Jesaja 6:3 roep die engele rondom die troon van God, “Heilig, Heilig, Heilig, drie keer – eenkeer vir die Vader, eenkeer vir die Seun, en eenkeer vir die Heilige Gees.

## 10 DIE BRON VAN MISVERSTAND

Byna al die Skrifture wat gebruik word deur diegene wat die drie-eenheid verwerp deur Jesus as ‘n “minderwaardige god” uit te beeld, ontstaan uit ‘n basiese onvermoë om die vleeswording te verstaan. Jesus, God die Seun, het die volle dimensie van Sy goddelikheid neergelê of versluier toe Hy na die aarde gekom het. Hoe anders kon Hy as God onder die mens gewoon het?

“Deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees” (Romeine 8:3).

“Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.” (2 Korinthiërs 8:9).

“Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit

geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.”  (Filippense 2:5-8).

Ons sien ook duidelik dat voor en na Sy vleeswording, Jesus weer eens met helder goddelike heerlikheid gestraal het.  “En nou, Vader, verheelik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.”  (Johannes 17:5).  “Maar ons sien Hom, *naamlik* Jesus, wat vir ‘n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon”  (Hebreërs 2:9).

Indien God die Seun nie Sy heerlikheid versluier het toe Hy na die aarde gekom het nie, sou die mens nie Sy skitterende teenwoordigheid kon verduur nie, en nog minder uit Sy voorbeeld kon leer.

## 11 WIE IS HOËR AS DIE ANDER?

Kom ons beweeg nou ‘n bietjie dieper na heilige grond.  Terwyl ons die verborgenhede van die Godheid beskou, blyk dit asof daar ‘n orde van gesag is ten opsigte van die drie persone van die drie-eenheid.  Hou in gedagte dat terwyl al drie ooreenstem in hoedanighede en eienskappe, en gelyk is in mag en heerlikheid, wil dit voorkom asof die Vader erken word as die hoogste gesag. “Maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.”  (1 Korinthiërs 3:23).  “Maar ek wil hê dat julle moet weet dat … God die hoof van Christus” is (1 Korinthiërs 11:3).  Die Seun ontvang voortdurend Sy heerlikheid, krag, troon en voorregte as Regter van die Vader (Johannes 3:35; Johannes 5:22).  Inderdaad was dit God die Vader wat die Seun “gegee” het.  Terwyl dit nie verkeerd mag wees nie, word ons inderdaad nooit aangesê om

tot Jesus of die Gees te bid nie – maar in plaas daarvan tot die Vader in die naam van die Seun.  Net omdat dit voorkom asof die Vader die hoogste gesag het, verminder dit geensins die goddelikheid van Jesus en die Gees nie.  Dit sou dieselfde wees as om te sê dat ‘n korporaal nie so ‘n volwaardige soldaat is as ‘n sersant nie.

Tussen die drie lede van die Godheid, sien ons nie ‘n getier oor voorrang, ‘n wedywering vir erkenning, of ‘n gespog oor krag nie.  In plaas daarvan is presies die teenoorgestelde waar.  Dit wil inderdaad voorkom asof die Vader, Seun, en Gees altyd probeer om die ander die eer en heerlikheid te gee.  Die Vader wil die Seun verheerlik.  Die Seun leef om die Vader te verheerlik, en die Gees leef om die Vader en die Seun te verheerlik (Johannes 17:1,5; Johannes 16:14; Johannes 13:31,32).

## 12 ‘N VRIEND OF MAG?

Dit sou ‘n fout wees om hierdie verhewe onderwerp af te sluit sonder om ‘n bykomende verdraaiing aan te spreek van die lering oor die drie-eenheid.  ‘n Ander klas van opregte Christene glo dat terwyl die Vader en die Seun in werklikheid twee onderskeie persone is, die Heilige Gees slegs ‘n kosmiese mag of wese is – ‘n onpersoonlike kragkanaal of werktuig wat slegs die opdragte van die Vader en Seun uitvoer.

Ons kan sien waarom dit wil voorkom asof die Heilige Gees die moeilikste lid van die Godheid is om te visualiseer en te beskryf.  Soms word Hy die Heilige Gees genoem, wat mense met ‘n “spookagtige” beeld laat.  Die Skrifte vergelyk Hom met enigiets van wind tot vuur, tot ‘n duif, water, en selfs ‘n prokureur vir die verdediging!

Terwyl ons egter die onderskeie eienskappe van die Heilige Gees oorweeg, kan ons spoedig sien dat Hy al die getuigskrifte

van ‘n aparte en spefisieke, intelligente, individuele wese het.

Die Heilige Gees lei en rig. “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei” (Johannes 16:13). Dit is waar dat ‘n kaart of “GPS” u kan lei, maar niemand noem ‘n kaart “hy” nie. Dit sou baie maklik vir Jesus gewees het om eenvoudig te sê, “Wanneer *dit* kom,” maar Jesus het die Heilige Gees meer as 15 keer “Hy” genoem. Waarom sou God soveel moeite gedoen het om Sy eie aangebore krag te verpersoonlik tot die mate dat dit emosies, gedagtes, en spraak onafhanklik van Homself besit?

Die Heilige Gees vertroos ook. “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid” (Johannes 14:16). Ek nog nooit gesien dat ‘n eensame kind na ‘n stofsuier hardloop vir ‘n omhelsing nie – slegs intelligente wesens kan troos bied. Jesus het voor Sy hemelvaart belowe dat Hy ‘n ander helper sou stuur; *paraclete* is die Griekse woord wat ‘n veelsydige persoonlike bediening as raadgewer, opbeurder, advokaat, helper, trooster, bondgenoot, en ondersteuner, aandui (Johannes 14:16,17,26; 15:26-27; 16:7-15). Hierdie is almal eienskappe wat gewoonlik aan ‘n persoon of vriend behoort. Indien die Heilige Gees slegs God se aktiewe mag is, dan is Johannes 16:7,8 onsin: “Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur: en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.” Dit is duidelik uit hierdie teks dat die Heilige Gees meer persoonlik teenwoordig sou wees nadat Jesus opgevaar het. Indien die Heilige Gees slegs energie is, is daar eenvoudig geen verduideliking of logika waarom Hy nie sou kom tensy Jesus weggegaan het nie.

Die Heilige Gees kan selfs bedroef word (Efesiërs 4:30). Motors het baie unieke karaktertrekke en eienaardighede. Met

tye kan dit selfs lyk asof hulle ‘n “persoonlikheid” het. Motorvoertuie kan egter nie bedroef word nie. Hulle kan ook nie praat, soos wat die Heilige Gees wel doen nie. “Toe sê die Gees vir Filipus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.” (Handelinge 8;29). Daar bestaan rekenaarprogramme wat spraak kan weergee, maar hulle kan nie geïnspireerde gedagtes skep nie. Die Heilige Skrifte was deur die Heilige Gees geïnspireer (2 Petrus 1:21).

Ons lees ook in Openbaring 1:4,5, ‘n gebed vir genade en vrede van die Vader, die Gees, en Jesus Christus. Ons moet vra, sou Johannes die Gees tussen die Vader en die Seun geplaas het, indien hy nie die Gees as ‘n goddelike intelligente wese soos hulle geag het nie?

Indien die Heilige Gees slegs een of ander goddelike mag is, waarom is dit dan selfs groter sonde om teen die Heilige Gees te laster, met meer noodlottige gevolge, as om teen die Seun te praat? “Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat ‘n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie.” (Mattheus 12:31,32). Volgens definisie is lastering “’n minagtende of oneerbiedige daad, uitlating, of skrywe teen God.” Deur hierdie eenvoudige gevolgtrekking moet die Heilige Gees God wees! Dit is ook waarom Petrus gesê het dat om vir die Heilige Gees te lieg, is om vir God te lieg (Handelinge 5:3,4).

Die Heilige Gees kan ‘n getuie wees (Hebreërs 10:15). In enige hof in die wêreld kan slegs lewende wesens geroep word om getuienis te gee. Laastens word daar gesê dat die Heilige Gees Sy eie verstand het (Romeine 8:27).

Ons kan duidelik sien dat die Heilige Gees nie eenvoudig ‘n

mag is nie, maar die derde goddelike persoon van die Godheid. Al is Hy ‘n gees, het Hy al die karaktertrekke van ‘n persoon en individu. Die Gees word duidelik uitgebeeld as ‘n wese wat praat, leer, lei, keuses maak, getuig, troos, en bedroef kan word. “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal” (2 Korinthiërs 13:13).

## 13 LIEFDE BY GOLGOTA

Die waarheid van die drie-enige God kan ook in die evangelie self gevind word. Inderwaarheid, wanneer ons Johannes in aanmerking neem, lees ons dat God die Vader die wêreld so liefgehad het dat Hy God die Seun gestuur het sodat ons deur God die Gees gebore kan word (Johannes 3:8,13,16,17).

Dit is egter veral op die heuwel van Golgota dat die leerstelling van die drie-eenheid met mening ontplof en meer as genootskaplike rondspelery word. Voor die skepping van die aarde het die drie-enige God die moontlikheid van die mens se rebellie en val bespreek. Deur die lens van goddelike voorkennis, het Hy die verskrikking gesien wat sonde se verkragting van die wêreld sou veroorsaak. En daar, voordat die mens geskape was, was daar besluit dat Jesus die troon van die hemel sou verlaat en die mens se plaasvervanger sou word. Jesus was “die Lam wat voor die grondlegging van die wêreld geslag is” (Openbaring 13:8; 1 Petrus 1:19,20).

Indien Jesus slegs ‘n geskape super-wese was, dan is Sy dood vir die verlossing van die mens niks beter as die van ‘n engel wat vir ons sterf nie. Indien Christus self nie goddelik is nie, dan kon enige engel of sondelose geskape wese dieselfde doel gedien het. Dit sou in werklikheid Satan se beskuldiging dat God

selfsugtig is, bevestig het, deur te demonstreer dat Hy slegs gewillig was om Sy skepsels te offer en nie Homself nie.

## 14 ‘N SKEURING IN DIE DRIE-EENHEID

Nog ‘n punt om te oorweeg, is dat sonde skeiding van die Skepper veroorsaak (Jesaja 59:2). Die ongeregtighede van die menslike ras was op die Seun van God geplaas (Jesaja 53:6). Toe Jesus aan die kruis gehang het en vir ons sondes gely het, was elke weefsel van Sy wese verskeur toe die ewige verhouding met Sy Vader en Gees uitmekaar geskeur was. In doodsangs het Hy uitgeroep, “My God [vir die Vader], my God [vir die Gees], waarom het u my verlaat?” (Mattheus 27:46). Indien die Godheid daar uit slegs een persoon bestaan het, sou daar nie hierdie folterende pyn van skeiding gewees het om die lewe uit die hart van Jesus te ruk nie.

Die ware risiko in die verlossingsplan, afgesien van die verlies van die mens, was die verbrokkeling van die Godheid. Indien Jesus sou gesondig het, sou Hy teenstrydig met die Gees en Sy Vader gewerk het. Almagtige goed sou teen almagtige kwaad ingespan wees. Wat sou met die res van die skepping gebeur het? Wie sou die ongevalle heelal as reg gesien het? Een sonde kon die Godheid en die heelal in kosmiese chaos laat wegraak het; die omvang van hierdie ramp sou ontsettend wees. Die Godheid was egter steeds nog gewillig om hierdie verbrokkelende risiko te waag ter wille van die mens se verlossing. Dit openbaar die diepte van God se wonderlike liefde.

## 15 TEN SLOTTE

Augustine, daardie groot man van God, het eendag op die strand langs die oseaan gestap terwyl hy verward was oor die leerstelling van die drie-eenheid. Terwyl hy nagedink het, het hy 'n klein seuntjie met 'n skulp gesien wat heen en weer na die kant van die water gehardloop het, die skulp volgeskep het, en dit dan in 'n gaatjie in die sand gegooi het, wat deur 'n krap gemaak was. "Wat doen jy, seun?" het Augustine gevra.

"O," het die seun geantwoord, "ek probeer om die hele oseaan in hierdie gaatjie te sit." Augustine het sy les geleer.

Terwyl hy verder gestap het, het Augustine gesê, "Dit is wat ek probeer doen; ek sien dit nou. Hier waar ek op die strand van tyd staan, probeer ek om in hierdie klein verstandjie dinge te plaas wat oneindig is." Eweneens moet ons ook net so tevrede wees om toe te laat dat God dinge weet wat ons nog nie hoef te weet nie.

Dit sou verwaand en verregaande wees om voor te gee dat ons alles oor God verstaan. "O, Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë (Romeine 11:33). Indien ons Hom heeltemal uitmekaar kon haal soos om 'n genetiese kode te ontrafel, sou Hy ophou om God te wees.

Daar is nietemin baie wat oor God openbaar is vir ons seën. "Die verborge dinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid" (Deuteronomium 29;29). Wat openbaar is, is dat hierdie leerstelling van die drie-eenheid baie belangrik vir God moet wees. Die bediening van Jesus begin en eindig beide met 'n beklemtoning van die drie persone in die Godheid. Die Vader, Seun, en Gees is teenwoordig by Jesus se doop en toe Hy na die hemel terugkeer. Jesus het Sy volgelinge beveel om in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees te doop.

Die getuienis van die Skrifte dui aan dat die Godheid nie in

drie Gode geskei kan word nie en ook nie in een persoon saamgevoeg kan word nie.  Hierdie drie-in-een het ons nie net geskape nie, maar hulle het ons lief en het ‘n wonderlike plan in werking gestel om ‘n verlore wêreld van sonde te red en om ons te herstel tot Sy teenwoordigheid in die paradys.

“Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal. Amen.”  (2 Korinthiërs 13:13).